higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

(11011042)

8 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

452Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Mnr Roberts en sy vrou gaan in Desember van Brittanje na Suid-Afrika reis. Hulle wil sekere van Suid-Afrika se erfenisgebiede besoek en hulle lys van plekke sluit in die Kaapse Blommestreek, Robbeneiland, uKhahlamba Drakensberg Park en St. Lucia.

1.1 Definieer die term *erfenis.* (2)

1.2 Gee die akroniem en volle naam van die organisasie wat Wêrelderfenisterreine verklaar. (2 × 1) (2)

1.3 Identifiseer ’n kulturele erfenisgebied uit die gegewe scenario. (1)

1.4 In watter provinsie is St. Lucia geleë? (1)

1.5 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee ’n rede vir jou antwoord.

Die paar kan as plaaslike toeriste geklassifiseer word. (1 + 2) (3)

1.6 Alhoewel toerisme vele voordele vir ’n land het, kan die impak ook negatief wees.

1.6.1 Gee DRIE ekonomiese voordele van toerisme. (3 × 1) (3)

1.6.2 Gee DRIE ekonomiese nadele van toerisme. (3 × 1) (3)

1.7 Gee die paar raad oor VIER inligtingsbronne wat hulle kan gebruik om meer uit te vind oor die attraksies wat hulle wil besoek. (4)

1.8 Waarom, volgens die gegewe scenario, reis die paar na Suid-Afrika? (1)

1.9 Gee VIER ander redes waarom mense na Suid-Afrika sal reis. (4)

1.10 Noem DRIE vorms van omgewingsbesoedeling wat deur toerisme veroorsaak kan word en gee EEN voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

1.11 Hoe kan ’n reisagent die paar se ervarings verbeter deur hulle behoeftes te identifiseer? (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 2

2.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Reis om nuwe, opwindende en uitdagende bestemmings te ontdek	A	avonturier
2.1.2	Ook bekend as ’n adrenalienverslaafde	B	kulturele toeris
2.1.3	Om na Mecca te reis	C	godsdienstoeris
2.1.4	Om in ’n georganiseerde groep te reis	D	donker toerisme
2.1.5	Reis in die gemak van sy/haar eie huis deur bestemmings deur boeke en televisie te ontdek	E	massatoerisme
		F	ontdekker
		G	leunstoeltoeris

(5 × 2) (10)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae.

Jy is ’n reisagent en het Mnr en Mev Murray met hulle reisreëlings gehelp soos hieronder genoem word:

Vlug: SAA JNB – CPT – JNB
Akkommodasie: Drie nagte by die City Lodge V&A Waterfront
Motorhuur: Avis
Toegangskaartjies: Twee Oseane Akwarium, Tafelberg, Kasteel van Goeie Hoop

2.2.1 Identifiseer DRIE toerismesektore uit die gegewe scenario. (3)

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van elke sektor uit die gegewe scenario. (3)

2.2.3 By hulle aankoms by die hotel is die paar deur ’n onvriendelike en onbehulpsame ontvangsdame ontvang. Hulle het jou gebel om te kla oor die swak diens by die hotel.

(a) Waarom het die paar oor swak diens gekla? (2 × 1) (2)

(b) Gee VIER moontlike gevolge van die swak diens. (4)

(c) Noem VIER funksionele areas van die gasvryheidsbedryf. (4)

(d) Noem VIER faktore wat die aantal besoekers in die gasvryheidsbedryf negatief kan beïnvloed. (4)

Kopiereg voorbehou

(e) Noem en verduidelik VYF dokumente wat in die hotel gebruik kan word vir doeltreffende kommunikasie. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen *natuurlike attraksies* en *mensgemaakte attraksies*. (2 + 2) (4)

3.2 Klassifiseer elk van die volgende attraksies as natuurlike, mensgemaakte of sosio-kulturele attraksies:

3.2.1 Apartheidsmuseum

3.2.2 Mac-Mac-waterval

3.2.3 Lesedi Kulturele Village

3.2.4 Sun City

3.2.5 Tsitsikamma

(5 × 2) (10)

3.3 Toergroothandelaars speel 'n belangrike rol in die toerismebedryf.

3.3.1 Verduidelik die term *groothandelaar.* (2)

3.3.2 Onderskei tussen *inkomende toeroperateurs* en *uitgaande toeroperateurs*. (2 + 2) (4)

3.4 Kies EEN term uit die lys hieronder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Robbeneiland; Kaapse Blommestreek; Wieg van die Mensdom; Kangogrotte; Vredefortkoepel; Mapungubwe Kulturele Landskap; uKhahlamba Drakensbergpark

3.4.1 Een van die rykste plantgebiede en een van 18 biodiversiteit-brandpunte in die wêreld

3.4.2 Suid-Afrika se eerste koninkryk wat ontwikkel het tot die subkontinent se grootste sfeer wat vir 400 jaar voortbestaan het voordat dit in die 14de eeu tot niet gegaan het

3.4.3 Natuurlike wêrelderfenisgebied in KwaZulu-Natal

3.4.4 Die oudste en grootste sigbare meteoriet-impakgebied in die wêreld

3.4.5 Beslaan die streek Sterkfontein, Swartkrans, Kromdraai en omgewings en het een van die wêreld se rykste konsentrasies hominide fossiele

Kopiereg voorbehou

3.4.6 Hierdie klein eiland, geleë aflandig van Kaapstad, is nou die tuiste van ’n wêreldbekende museum

(6 × 1) (6)

3.5 Definieer elk van die volgende terme:

3.5.1 Bemarking

3.5.2 Marksegmentering

(2 × 2) (4)

3.6 Verduidelik DRIE tipes inligtingsdienste waar ’n mens inligting oor verskillende toerisme-attraksies kan kry. (3 × 2) (6)

3.7 Verduidelik waarom dit belangrik is vir nuwe besighede om marksegmentering toe te pas. (4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Peter het onlangs sy eie vervoermaatskappy begin wat vervoer tussen die lughawe en plaaslike verblyfondernemings verskaf.

4.1.1 In watter fase van die produklewensiklus is Peter se besigheid? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

4.1.2 Noem die ander VIER fases van die produklewensiklus. (4)

4.1.3 Verduidelik kortliks elke fase wat in VRAAG 4.1.2 genoem word.

(4 × 2) (8)

4.2 Verskaffers kan as openbare en private verskaffers geklassifiseer word.

4.2.1 Onderskei tussen *openbare verskaffers* en *private verskaffers*.

(2 + 2) (4)

4.2.2 Uit die lys hier onder, identifiseer:

OR Tambo Internasionale Lughawe; MDS VisaPak; Departement van Binnelandse Sake; Sunset Gastehuis

(a) TWEE openbare verskaffers

(b) TWEE private verskaffers

(2 × 2) (4)

4.3 Gee die volle naam van elk van die volgende toerisme-organisasies:

4.3.1 AA

4.3.2 GHASA

4.3.3 TBCSA

4.3.4 FEDHASA

4.3.5 CAA (5 × 1) (5)

4.4 Bespreek DRIE rolle van elk van die volgende rolspelers in die toerismebedryf:

4.4.1 DEAT (3 × 2) (6)

4.4.2 Suid-Afrikaanse Toerisme (3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die DRIE hoofkategorieë toergidse. (3 × 2) (6)

5.2 Beskryf ’n tipiese dag in ’n toergids se lewe. (4 × 1) (4)

5.3 Noem VIER sleutelfunksies van provinsiale toerisme-afdelings. (4)

5.4 Gee VIER redes waarom mense na ’n bestemming reis. (4)

5.5 Verduidelik die belang van marksegmentering vir die toeris. (2 × 1) (2)

5.6 Vergelyk die behoeftes van ’n *groot-begroting toeris* en ’n *klein-begroting toeris*. (2 + 2) (4)

5.7 Noem VIER inligtingsbronne waar ’n mens loopbaangeleenthede in die toerismebedryf kan kry. (4)

5.8 Verduidelik wat ’n pos in omgewingsbewaring behels. (2)

5.9 Stel ’n lys op met die basiese eienskappe van ’n goeie toergids. (5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou